**Sodat julle kan glo**

**Joh 20:24-31**

**3 Mei 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus se verskyning aan dissipels die aand van Opstandingsondag: "Vrede vir julle" – Hy het vir hulle vrede met God bewerk, Hy stuur hulle na die wêreld soos wat Hy gestuur is en verwag gehoorsaamheid. Hy sal ook die Heilige Gees stuur om hulle in die waarheid te lei en te vergesel as hulle getuig. Hulle getuienis is belangrik – mense se sondevergifnis is op die spel.
2. Die Here Jesus se ontmoeting met Thomas (Joh 20:24-29)
    a. Thomas was een van die twaalf dissipels
    b. Twee vorige insidente waarin Thomas genoem is:
        i. Joh 11:16 – "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf"
        ii. Joh 14:5 – "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons die weg ken?"
    c. Thomas is nie soseer ongelowig nie, wil met insig die Here Jesus volg
    d. Thomas was afwesig op Opstandingsondag, hy sal glo die Here Jesus het opgestaan as hy Sy wonde sien en daaraan kan raak (v24-25)
    e. Volgende Sondag is Thomas teenwoordig, die Here Jesus nooi hom om te kom kyk en te voel – spoor hom aan om te glo (v26-27)
    f. Thomas sien en glo en bely: "My Here en my God" (v28)
        i. Here = Kurios, Meester, Koning – Verbondsgod
    g. Thomas het gesien en geglo – soos Johannes (v8), Maria Magdalena (v16), ander dissipels (v16) – ander dissipels het nie bely wat Thomas bely het nie
    h. "Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het" (v29)
        i. Na hemelvaart kan die Here Jesus nie meer gesien word nie – tog sal mense glo
3. Doel van die Johannes-evangelie (Joh 20:30-31)
    a. Doel van die evangelie vloei voort uit v29
    b. Johannes het sorgvuldig uitgesoek wat in sy evangelie beskryf word:
        i. Net 7 tekens (in al die evangelies is daar 35 tekens)
        ii. Spesifieke lering, spesifieke dele van kruisiging en opstanding
        iii. Ander 3 evangelies was reeds geskryf – Johannes wil iets onderstreep
    c. Doel van die Johannes-evangelie
        i. Sodat sy lesers kan glo – al kan hulle nie opgestane Here Jesus sien nie
        ii. Inhoud van hulle geloof:
            - Jesus is die Christus = Messias = Gesalfde Priesterkoning
                - Christus: Joh 1:40, 9:22, 11:27
                - Gesalfde Hoëpriester: Joh 1:29, 2:21, 19:24
                - Gesalfde Koning: Joh 12:13-14, 18:33, 19:19
            - Jesus is die Seun van God: Joh 1:1, 14, 18, 7:29, 19:7
        iii. Doel van geloof:
            - Sodat hulle die lewe kan hê: Joh 3:16, 4:53, 5:21, 6:35, 8:51, 11:23, 14:6
4. Al kan ons nie opgestane Here Jesus sien nie, het ons die Johannes-evangelie wat ons die bewyse gee die Here Jesus is die Christus en die Seun van God – deur geloof in Hom kan ons lewe